

## HOOFTUK III

### VERGELYKING MET NEDERLANDS

A: Afrikaans en Nederlands vorm diminutiva op dieselfde wyse, alleen met dié verskil dat aan Nederlands -je, plus onmiddellik voorafgaande nk-, -p-, -t- en -et-, Afrikaans -ie korrespondeer, en dat woorde met -d en -t in die auslaut in Afrikaans -jie en in Nederlands -je kry.<sup>80)</sup>

Opm. Vir die doel van hierdie werkie is die fonetiese verskil nie van belang nie.

B: Ook in Nederlands vorm substantiewe verreweg die vernaamste woordsoort wat gediminueer word, met daarnaas ook 'n beperkte getal adverbialia, tussenwerpsels en telwoorde.

C: In die volgende gevalle van afleidinge kom diminuering in Nederlands nie voor nie.

(a) *Afleidinge* met die volgende suffikse:

- age (Afr. -asie), (concreta): plantage, stellage;
- de (abstracta en concreta): gezegde, gezaaide;
- e (gesubstantiv. adj.): swarte, witte;
- isme: anglisme, germanisme;
- je (Afr. -ie), (diminutiva): meisje, boompje;
- ste (gesubstantiv. superlativa): kleinste, mooiste.

Opm. 1. *-iet* kom nie in Nederlands voor in verband met name van streekbewoners nie; *-ist* (Afr.) *-is*, kom wel in Ned.

---

<sup>80)</sup> Kyk hierby: J. J. le Roux: *Handleiding in het Afrikaans* (Amsterdam 1921) bls. 42.

voor, maar te weinig om iets van belang oor diminutiva daarby op te merk.<sup>81)</sup>

2. Alleen een Nederlandse dimin. op -igheid is gevind nl. zoetigheidje, maar tot nadere informasie wil ek tog aanneem dat dit meer voorkom, veral omdat -heid s.m. nie diminuering uitsluit nie.
3. Volgens die groot aantal gevalle waarby in die W.N.T. geen dimin. op -te (abstracta en concreta) aangegee word nie, sou 'n mens ook kon besluit dat by hierdie formans geen diminuering voorkom nie. Tog is in aanhalinge by ander woorde gevind o.a. *gedeeltetje*, *gedoentetje* en *hoogtetje* (respektieflik in W.N.T. IV:582, IV:609 en VI:717). Dat by eersgenoemde aangeteken is dat dit „alleen in scherts zou kunnen gebezigd worden, om door het gebruiken van een ongewonen vorm aan hetgeen men zeggen wil eene min of meer komieke tint te geven”, is hier vir ons geen beswaar nie — daar sou moontlik dieselfde kon gesê word van *gedoentetjie* in Afrikaans. Dit gaan hier eers net om die feit van hierdie diminutiva.

Hoogs belangrik is hierby ook die volgende oorweging: aangesien diminutiva van afleidinge op -te toevallig gevind is, sou dit nie vreemd wees om êrens in die W.N.T. of in die gewone Nederlandse volkstaal diminutiva te vind by afleidinge op een van die

---

<sup>81)</sup> Kyk Schönfeld: *Hist. Gram. v/h Ned.* bls. 169.

formantia wat hierbo opgesom is in die uitsluitinge nie. Ek wil hier volstaan met 'n enkele voorbeeld in dié rigting. Ek het geen Ned. dimin. op -age gevind nie, en dus voorlopig vermoed dat dit miskien die Franse klank daarvan is wat diminuering op -je hinder; maar met dieselfde Franse konsonant is tòg gevind: *horlogetje*. Die skynbaar verkeerd bewese vermoede waarborg geensins die voorkoms van dimin. op -age nie, maar maak m.i. tòg die bestaanbaarheid daarvan waarskynlik.

Volgens die uitsluitinge vir Nederlands moet ons dan hier aanneem: of die verdwyning van dié groepe uit Nederlands sedert die 17de eeu, of uitbreiding ten opsigte van verskeie afleidingsgroepe van benaminge van concreta en abstracta. Aangesien daar egter vir hierdie groepe selfs vir Afrikaáns beperkinge geld, gaan ek hier nou die grootgroslys in betrag neem en bespreek wat vergelyking daarvan met Nederlands aan die dag gebring het.

Van die 1759 diminutiva van hierdie lys is 509 nie in my lexicologiese bronne vir Nederlands gevind nie, d.w.s. byna 34%, 'n vry hoë persentasie; en dié persentasie sal waarskynlik nog heelwat hoër word indien by hierdie lys uit die literatuur gevoeg word dié diminutiva wat in die spreektaal met sy veel wyer bestek van temas voorkom. *Tog mag ons dit ten enemale nie aanvaar as bewys dat Afrikaans ryker aan verkleinwoorde is as Nederlands nie.* Waarom? Omdat (i) ons oor geen dergelike lys vir Nederlands beskik nie, nòg uit die literatuur nòg uit die spreektaal. Wat betref 'n lys uit die letterkunde, kan die volgende syfers hier gegee word. 'n Grootgroslys opgestel vir alleen 6 Vlaamse bundels (kyk bladsy 75 hiervan), bevat reeds 172 verskillende diminutiva wat nie in die

Afrikaanse lys staan nie, asook verskeie wat onbestaanbaar is in Afrikaans. Bring ons dit ook in rekening, sak die persentasie reeds tot onder 24. (ii) Die Woordenboek der Nederlandsche Taal verstrek nie volledige inligting omtrent diminuering nie: (a) onder sommige letters, byvoorbeeld G, word aan die begin van elke artikel by 'n woord verwys na moontlike diminutiva daarby, maar by verreweg die meeste letters nie; (b) waar 'n artikel by 'n woord geen voorbeeld met 'n diminutief bevat nie, word daar wêl soms 'n diminutief van die betrokke woord in sitate by gans ander woorde gevind, byvoorbeeld *hoogtetje* en *stemminkjes* (respektieflik VI:717 en XV, 2:1421 in die W.N.T.); (c) soms word 'n diminutief in 'n Nederlandse bundel aangetref hoewel dit nêrens in 'n Nederlandse woordeboek vermeld staan nie, byvoorbeeld *zondetje* (in Wannes Raps van Ernest Claes) en *graskes* en *vleezokes* (in Pieter Bruegel van F. Timmermans); en hoeveel bly dus ongekontroleerd? Volledigheid ten opsigte van hierdie twee punte kan verwag word om die persentasie van 34/100 aansienlik kleiner te maak. Hierby sluit aan (iii) dat daar in my Nederlandse bronne (a) talle diminutiva voorkom wat onbestaanbaar is in Afrikaans, byvoorbeeld *groentjes* (verlief), *gereedjes* en *goedje*, (b) verskeie diminutiva aangegee word wat nie in die Afrikaanse lys voorkom nie, bv. *vroegertje*, *slechtje*, *dozjintje*, *soepjesdag* en *taschjeskruid* — en hierby moet onthou word dat, hoewel die W.N.T. materiaal kon put uit verskeie dialekwoordeboeke en -versamelinge waarvan die inhoud uit die huidige spreektaal aangeteken is, dit nog lank nie volledig mag heet nie omdat 'n aansienlike gedeelte daarvan verskyn het geruime tyd voordat die dialekondersoekinge begin of voltooi is. Ook hiér kan dus verwag word dat volledigheid die 34% taamlik kan verminder; (c) 'n hele aantal woorde voorkom wat nóg gediminueerd nóg ongediminueerd in Afrikaans bestaan, byvoorbeeld *gauwertje*, *timpjes-deeg*, *mimietje* (inmeakaarskuiwende sontafeltjie), ens.;

(iv) byna 5% van die Afr. lys woorde is wat nie in Nederlands bestaan nie, byvoorbeeld *aia*, *gesels* (snw.), *opdraend*, *sambreel*, ens. Alles saamgenome kan ek dus nouliks aanneem dat daar na volledigheid nog iets van die 34% kan oorbly.

Nee, met soveel voorbehoude ten opsigte van getalle-vergelyking lyk dit my dat „tel” nie gaan baat nie: afgesien nog van wetenskaplike — en hier eintlik rekenkundige presiesheid, kan dit m.i. nouliks selfs ’n waarskynlike resultaat lewer. Die enigste werklik bevredigende metode by getalleberekening lyk my die volgende: bepaal min of meer die presiese omvang van die Nederlandse en die Afrikaanse woordeskat, versamel alle bestaande en bestaanbare diminutiva binne en buite die letterkunde van elke taal om, en stel dan die persentasies diminutief: woordeskat van die twee teenoor mekaar. Of dit gedaan kan word, laat ek in die midde, maar ek herinner net aan die uiteenlopende „resultate” van verskillende belangstellendes wat die woordeskat van o.a. Engels (wou) probeer bereken het.

By die vraag na die uitvoerbaarheid van so ’n taak, kom nog dit: gestel ons sou op hierdie wyse vind dat Afrikaans 20% meer besit en sê maar ook 20% meer gebruik, dan is ons daarmee nog nie nader aan die antwoord op die „waarom” en die „hoe” van daardie verskil(le) nie.... antwoorde wat gesoek en, sy dit miskien eers maar tentatief, gevind moet word as ons nie wil bly stilstaan by beskrywing en konstatering nie maar ook kom tot verklaring — die kern van alle studie. Dit is mede met die oog hierop dat ek meen dat ons verder sal kom deur te werk met die *vorm* en *begripsoorte* van woorde.

By die vorm is reeds sekere uitsluitinge aangestip by afleidinge. Daarby moet volledigheidshalwe nog ’n paar opmerkinge gevoeg word:

- (i) Die agtervoegsels waarby geen diminuering aangetref is in Nederlands nie en wel in

Afrikaans, kan in twee groepe verdeel word: dié wat in weinig woorde voorkom, naamlik -age, -de en -isme, en dié res, wat heel veel afleidinge vorm, naamlik -e, -je en -ste. Met die eertse drie kan ek alleen twaalf diminueerbare woorde in Afrikaans vorm, wat ek beskou as te weinig om enige konklusies aan vas te bind.... behalwe wat dit dan self sê, dat diminuering in Afrikaans ook by dergelike onproduktiewe afleidingsklasse deurgedring het. By -e het ons gesien dat 'n voorwaarde vir diminuering substantivering is, al sou die twee prosesse miskien gelyktydig geskied, — en dieselfde geld ook van (gesubstantiveerde) superlativa op -ste. Of dergelike substantivering moontlik nie op so uitgebreide skaal in Nederlands geskied nie en indien wel, waarom nie — sou Nederlandse taalkundiges miskien meer lig hierop kon werp? -je staan midde-in die probleem waarmee ons hier besig is, die van dubbele diminutiva, daarom bly dit hier eers onbespreek.

- (ii) Alle beperkinge by afleidinge wat vir Afrikaans geld, geld ook vir Nederlands. Daarnaas staan egter dat, hoewel Nederlands ook diminueer na die agtervoegsels -ing, -heid, -sel, e.a., ek van sowat 50% van elke groep Afrikaanse afleidinge hierop geen diminutiewe in Nederlands gevind het nie. Indien daardie woorde — byvoorbeeld *aanhaling*, *aangenaamheid* en *aanhangsel* — werklik nie in die dimin. vorm in Ned. voorkom nie, het ons dus hierby uitbreiding in Afrikaans, en bepaaldelik uitbreiding van die Nederlandse voorbeeld, sodat daar dus geen nuwe sóort gebied betree is nie. Want alle Afr. begripsoorte by dié afleidinge kom vandag (nog) in Ned. voor.
- (iii) Op die gebied van die diminutief as eerste lid van 'n compositum staan Afrikaans en Neder-

lands blykbaar presies gelyk. In geen van die twee tale verteenwoordig dit 'n vrye composium-tipe nie, al kom in altwee ook aansienlik veel daarvan voor. Vir die doel van hierdie studie sal dit voldoende wees om hier die woord te laat aan Dr. J. H. van Lessen (Samengestelde Naamwoorden in het Nederlandsch, 1928, blss. 11-12): „Het diminutiefsuffix vindt men in de gewone (Ned.) omgangstaal tamelijk veel aan het einde van een eerste compositielid: beeldjeskoop, dagjesmensen, geldjesdag, hartjesdag, huisjesmelker, huisjesslak, kip-petjesgort, kliekjesdag, koppertjesmaandag, lamme(r)tjespap, lapjesdag, loodjesmeel, mandjeskoop, mondjesmaat, neepjesmuts, nopjesgoed, potjeskermis, potjeslatyn, prinsjesdag, streepjesgoed, vestjeszak, vogeltjeszaad. *Slechts weinig van deze voorbeelden zijn van ouden datum.* [Ek kursiveer.—W.K.] Nopjesgoed b.v. is bij Beets, C. O. te vinden, van *huisjesmelker* geeft het Ndl. Wb. een voorbeeld uit Kl. Zevenster. *Mondjesmaat* komt in de 17de eeuw al voor, evenals *hartjesdag*, maar ouder zullen deze samenstellingen wel geen van alle wezen. Alleen vindt men by Kiliaan reeds *lammekens leven*, *vita voluptaria*, *Epicurea*, *macerata*'.

Dat deze formaties niet oud zijn is geheel in ooreenstemming met hetgeen Wilmanns omtrent Ogerm., speciaal Ohd., compositie heeft gezegd .... Woorden met levende suffixen zal men in het Mnl. tevergeefs als eerste compositielid zoeken: koninginnegracht, ezelin-nemk, prinsessegracht, zondaarsgezicht, mole-naarszoon zijn alle van jongeren datum. Ook de woorden op -heit worden in het Mnl. nog niet in de compositie gebruikt: *grootheids-waanzin* zal men, behalve wegens zijn betekenis, ook om zijn vorm er niet kunnen vinden.

In het Nhd. komt, zooals Wilmanns opmerkt, het diminutiefsuffix slechts dan bij een eerste compositielid voor, *wanneer het geen betekenis meer heeft*, b.v. *mädchenschule*. Datzelfde kan van het Mnl. niet gezegd worden, maar natuurlijk is de formatie bij ons ook niet geheel vrij: evenmin als men in het Duitsch *tischchenfuss* kan zeggen, is bij ons *tafeltjespoot* bestaanbaar. Voor het verschil echter tusschen het Nederlandsch en het Duitsch in dit opzicht moet men in elk geval in het oog houden, dat bij ons een veel grooter gebruik van verkleinwoorden wordt gemaakt, ook buiten de compositie." <sup>82)</sup>

Hierdie informasie helder heel veel op ten opsigte van Afrikaans. Die belangrikste daarvan is wel dat dié tipe compositum in Nederlands eers sedert die 17de eeu veel toegeneem het. Tog sou ons, juis met die oog hierop, alte graag van Dr. Van Lessen wou weet wat sy dan in hierdie verband bedoel met die opmerking dat in Nederlands meer gebruik gemaak word dan in Duits?

Ook lyk dit my hoogs belangrik om in te gaan op die vraag waarom al haar voorbeelde — en ek kan hier byvoeg: ook al dié wat ek in die W.N.T. gevind het, die diminutief in die meervoud het.

Opm. Of is dit geen meervoud nie? Dat dit 'n genitiefs-s kan wees, lyk in elk geval uitgeslote omdat in hoogstens ses van Dr. Van Lessen se twee-en-twintig voorbeelde daar 'n genitiefsverhouding tussen die dele van die composita denkbaar is. Ook lyk uitgeslote dat dit die verbindings-s kan wees waarvan Dr. Van Lessen opmerk dat dit „in de jongere

---

<sup>82)</sup> *Samengestelde Naamwoorden in het Nederlandsch*, 1928, blss. 11-12.

taal (d.i. Nederlands) uitbreidt ook tot woorden die vroeger stamcompositie hadden",<sup>83)</sup> want waarom sou dit dan juis by die hele groep diminutief plus substantief — composita ingedring het. Daarom het ek gemeen dit is 'n meervouds-s, mede omdat dit die enigste moontlikheid is wat alle gevalle vir Nederlands, Afrikaans en Duits dek. Wat ook al die juiste verklaring, die belangrike hier is dat die konstruksie ook Nederlands is, ook dáárin geen vrye verbindingstipe nie, en dat dit dus nie in Afrikááns om 'n besondere verklaring vra nie.

Die verskilpunt in dese is dat Afrikaans ook dimin.-subst.-composita sonder die diminutief in die meervoud, ken.<sup>84)</sup> In enkele gevalle soos *kiesieblaar* het Afrikaans geen -s- nie waar Nederlands dit wél het, verskeie vormvastes ook geen -s- nie, en daarnaas kom verskeie voor mèt en sonder -s-, byvoorbeeld kloutjiegeraas en kloutjiesolie, rantjie(s)veld en -wêreld, ens. Indien dit bloot 'n verbindings-s sou wees, sou die wisselvorme nie vreemd wees nie gesien die onreëlmatigheid waarmee dit ook in composita van ander tipes in Afrikaans voorkom of ontbreek — byvoorbeeld badkamer en badskamer. In hierdie verband merk Dr. Van Lessen op „dat soms in de oude taal composita de s als verbindingsklank hebben, waar wij die niet meer gebruiken.”<sup>85)</sup> Dan meen ek dat vir Afrikaans nie (meer) absoluut uit te make is of dit hier 'n meervouds-, genitiefs- of verbindings-s is nie, en meen ek in die gevalle sonder s by nie-vormvaste diminutiva as eerste lid van composita net te sien dieselfde verskynsel as in 'n woord soos bv. *velkaros* — hoegenaamd nie beperk tot Afrikaans nie

---

<sup>83)</sup> t.a.p. bls. 6.

<sup>84)</sup> Kyk bls. 14 hiervan.

<sup>85)</sup> t.a.p. bls. 6.

— waarvan Wilmanns byvoorbeeld vir Duits skrywe dat „Wörter wie Schafstal, Zahn-pulver, Vogelhecke besagen nicht, dass der Stall nur für ein Schaf u.s.w. ist, sie sind nicht mit dem Singular zusammen gesetzt, sondern nach alter Weise mit dem Stamm, an dem weder Casus noch Numerus zum Ausdruck kommen.”<sup>86)</sup> Hier kom vir Afrikaans alleen nog by dat dit, met sy ongewone verlies aan kasusuitgange, ook buite die onderhawige tipe om, ook heelwat meer „Stammbildungen” het as byvoorbeeld Nederlands.

Ten opsigte van diminutief-composita het hier dus niks wesenlik nuuts bygekom in Afrikaans nie, behalwe composita van diminutief plus diminutief wat ek in Nederlands (nog) nie kon vind nie. Of die Nederlandse dialektoloë ons miskien hier kan help? In elk geval verklaar vormvastheid van die eerste lid hier alles (vergelyk ook voorheen).

Daarmee kom ons tot die begripsoorte.

By onafgeleide woorde geld vir Nederlands dieselfde beperkinge as vir Afrikaans, met dié verskil dat (i) eiename en (ii) stofname soos onder 4 (a) en 4 (β) minder dikwels gediminueer word.

Diminuering van stofname doen by eerste kennis-making vreemd aan. So gee die W.N.T. byvoorbeeld onder *tabak* (afleidinge) o.m. die volgende: „Een tabakje, voorheen: een kleine hoeveelheid tabak. Opmerkelijk is het gebruik van een dergelijken vorm van het woord als collectivum of stofnaam; mag men hier in de derde lettergreep een vervorming zien van de derde syllabe waarop het woord eindigt in Spaansch, uit welke taal het in de andere Europeesche talen is overgenomen?” (XVI:684). Ek meen dat ons hier nie met sillabe-substitusie te doen het nie, al is daar wel sulke gevalle, byvoorbeeld *mouche* > *moesje*, want: (i) waarom dan daarnaas die vernederlandste vorm sonder uitgang?, en (ii) daar is meer dergelijke gevalle by stofnaam-diminuering in Nederlands. So

---

<sup>86)</sup> Wilmanns: *Deutsche Grammatik*, III, deel 2, bls. 529.

gee die W.N.T. onder meer nog: „Warent stracks niet al gien quackjes van je krachten van Toebackjes?” (XVI:685); „Wel, seid hij,... hadt ghy maar 't *gelletje* gestreken in uw schoot”.... (XVI:866); en „Het watertje dat stadig drijft, kan 't zwaare Molenrad doen draaijen” (aangehaal uit Luyken; XV: Aflewering 4, kolom 434). Ander gevalle is byvoorbeeld kostjes, zandjes, zousjes (al drie by Van Dale), „dauwetje” — (W.N.T. III:2:2310: „Gelijck een bloempje, dat dauwetje schort” — aangehaal uit Hooft), en „bierkens” (W.N.T. II:2:2543: „Ick hebber meer bierkens ghedroncken dan een”.) Dit val op dat die voorbeelde van die W.N.T. almal uit die 17de en die 18de eeu kom, met die kontinuerende lyn in moderne Nederlands by Van Dale aangegee. Met andere woorde ek meen te mag aanneem dat ons in dese in Afrikaans net te doen het met die bestendinging van die 17de eeuse Nederlandse gebruik. En dan wil ek by wat hiervóór aangemerkt is oor gebruiksverskuiwing van stofnaam of collectivum tot voorwerpsaanduiding nog dit voeg: dat die uitgangspunt van die verskuiwing die voorwerpsaanduiding was (en nog is?). Want vergelyk die volgende twee sinne: „Ek het baie biertjies gedrink” en „Ek het baie bier gedrink”, dan is dit nie sonder meer duidelik dat die diminutief alleen maat aandui nie. As hierdie proses dan reeds in Nederlands begin het, kan die Afrikaanse (geringe, want die groep is streng beperk) uitbreidinge gesien word as analogiese formasies waarvoor 'n verskuiwing in „Bedeutungs”-vlak nie meer 'n voorwaarde is nie, met andere woorde die tipe woeker voort sonder vermenging van begripkategorieë.

By adverbia en ander woordsoorte is die posisie vir Afrikaans en Nederlands ongeveer gelyk.

Ter afsluiting: ons het telkens gestuit teen onvolledige gegewens vir Nederlands, waardeur die indruk moontlik gewek is dat Afrikaans miskien inderdaad verder gaan met diminuering as Nederlands, hoewel

dáar ook in die vreemdste soort geval aansluitinge in Nederlands gevind is.<sup>87)</sup> Tòg beweeg ons hier nie in die kring van die berugte „school der aanknopingspunten” nie.... ’n venynige uitdrukking in verband met die vroeër polemieë oor die ontstaan van Afrikaans. Ter finale staving dit: daar is geen woord- of begripsoort waarby diminuering in Afrikaans ’n gewone verskynsel is, waarby dit nie ook die geval is in Vlaams nie. Intendeel, reeds die klein groepie bundels wat hieronder genoem word, bevat materiaal wat daarop dui dat Afrikaans op één punt blykbaar onderdoen aan Vlaams: 8 diminutiewe adverbialia wat ek nóg in gesproke nóg in geskrewe Afrikaans gevind het. En hierby moet in gedagte gehou word wat reeds vasgestel is, naamlik dat diminuering by adverbialia geen onbeperkte proses is nie.

Volledige kontrolering kan geskied aan die hand van hierdie paar bundels, plus *Wannes Raps* van Ernest Claes.

#### VEELVULDIGE DIMINUTIEFGEBRUIK:

##### A: *Tabelle*:

Ek het begin lees met die oog op uitvoerige ekserpering vir Nederlands ter vergelyking met die Afrikaanse materiaal. Wat hier volg, is dus net ’n paar algemene opmerkinge.

Uit ’n paar Noord-Nederlandse auteurs<sup>88)</sup> kry ’n mens die indruk dat hulle aansienlik minder as die meeste Afrikaanse van diminutiva gebruik maak. Terselfdertyd *skyn* Vlaams meer te gebruik as Noord-Nederlands en, in altwee gevalle *skyn* daar in werke wat meer in ’n volkstrant geskrywe is ook heel veel

---

<sup>87)</sup> So pas het ek één geval gevind waarin die Nederlandse volkstaal ons op die gebied van diminutiefgebruik verbystreef, naamlik in die uitdrukking: „’n kleintje koffie”, wat terloops vermeld staan by Prof. Dr. E. Kruisinga: *Het Nederlands van Nu*, bls. 74.

<sup>88)</sup> Kyk lys D op bls. 135.

meer fakultatiewe diminutiva voor te kom dan in werke van swaarder of meer gestileerde taal.<sup>89)</sup> Trouens, die verhouding diminutiefgebruik: stylsoort soos gevind vir Afrikaans, skyn ook vir Nederlands waar te wees.

Opm. Dit sou hierby, net soos in die geval van die Afrikaanse literatuur, ongetwyfeld die mees bevredigende gewees het om een of ander basis van berekening te volg om die getal diminutiva per getal woorde vas te stel, maar ek moes daarvan afsien omdat tël die enigste waarborg is vir hoegenaamde noukeurigheid .... en dit is by sóveel bundels, met ook Nederlands daarby, nie doenlik nie. Daarom gee ek hier alleen enkele getalle, bereken volgens die uitsluitings soos voorheen omskrywe vir Afrikaans.

| Skrywer       | Bundel                         | A<br>Getal kere dat<br>dimin. van<br>enige soort<br>gebruik word | B<br>Getal kere dat<br>gebruik fakul-<br>tatief is | C<br>Getal verskil-<br>lendes per<br>bundel |
|---------------|--------------------------------|------------------------------------------------------------------|----------------------------------------------------|---------------------------------------------|
| F. Timmermans | Pieter Brueghel                | 784                                                              | 700                                                | 298                                         |
|               | Anna-Marie                     | 522                                                              | 460                                                | 223                                         |
| E. Claes      | Zichemsche<br>Novellen         | 263                                                              | 217                                                | 133                                         |
|               | De Fanfare St.<br>Jansvrienden | 95                                                               | 72                                                 | 54*)                                        |
| S. Streuvels  | Stille Avonden                 | 297                                                              | 246                                                | 132                                         |
|               | Lenteleven                     | 634                                                              | 558                                                | 220                                         |

<sup>89)</sup> Kyk Overdiep t.a.p.

\*) 'n Dun boekie van 94 bls., met 'n groot lettertype.

Hierdie lys is heeltemal willekeurig geneem. Dit beteken nie dat die moontlikheid dat 'n ander groep 'n gans verskillende resultaat mag lewer, oor die hoof gesien is nie. Ek het alleen geen rede om die waarde van so 'n proef laer aan te slaan as dié van enige steekproef nie.

Om hul waarde te besef, moet al hierdie getalle natuurlik naas tabel I gelê word. Dit laat ek aan die belangstellende. Ek volstaan hier met 'n enkele berekening van kolomme F en K van tabel I, gestel teenoor die korresponderende, kolom B, van tabel II hier. Bereken oor die 14 minima-bundels, kry ons 'n gemiddelde van 189+ diminutiva per bundel, en by die maxima-groep 410+ per bundel. Hierteenoor staan die gemiddelde vir tabel II, naamlik 375+, d.w.s. feitlik tweekeer so veel as dié van F, en baie na aan die (hoë) gemiddelde van K. F en K saam gee egter 'n gemiddelde van 299+ per bundel, dus bereken oor 28 bundels, en as dit naas tabel II gestel word, is die gemiddelde vir Afrikaans 'n goeie 20% laer.

Hiervolgens moet ons dan aanneem dat, wat die letterkunde betref, daar geen bewys is dat Afrikaans ryker is dan Vlaams ten opsigte van of die vorming of die aanwending van diminutiva nie, dat daar eerder aanduidings is dat die teendeel miskien waar is.

### B: *Gebruiksomstandighede:*

(i) *Betekenisaspekte:* Ondanks die beperktheid van die getal Nederlandse bundels wat met die oog hierop nagelees is, blyk daaruit tog genoegsaam dat die posisie vir Nederlands en Afrikaans wesenlik dieselfde is: (a) dieselfde of korresponderende kader van omstandighede, stemminge en gestemdheid: afkerigheid, armoedigheid, beskeidenheid, dankbaarheid, eufemisme, geheimsinnigheid, gemoedelikheid, geneentheid, genoeglikheid, kleinheid (van allerlei), liefkosing, minderwaardigheid, onbeduidendheid, opgetoënheid, opgewektheid, skamelheid, smeektoon, verleentheid, vernedering, vertroulikheid en vreugde;

(b) dieselfde nie hewig ervaar gevoelsaard van die verskillende gestemdhedes (kyk bls. 47 hiervan); (c) dieselfde stylverband, met (i) oorwig van die „gunstige” waardes, (ii) verskil van sinsgroep tot sinsgroep, (iii) verskil van bundel tot bundel, (iv) verskil van skrywer tot skrywer.

Opm. 1. Dit sou 'n dankbare aanvulling wees indien 'n Nederlandse student 'n breedvoerige vergelyking sou instel tussen Hollands en Vlaams ten opsigte van bogenoemde stylpunte.

2. In verband met bogenoemde punte releveer ek hier net weer 'n opmerking van die W.N.T. dat sekere diminutiva in Nederlands alleen om die vermaaklike daarvan aangewend word. Neem die temperament ens., van spreker en hoorder daarmee genoeg, is duidelik te sien dat dit kan ontwikkel tot vaste „usus”, selfs só dat dit later nie meer as vermaaklik nie maar as „normaal” aandoen. By temperamentele gelykheid van 'n hele groep sou dit natuurlik nog die maklikste gebeur.<sup>90)</sup> Die hoofsaak is: die gestemdheid of temperament dra die diminutief — of stoot hom uit; en hierdie kader van gestemdhedes is, nota bene, dieselfde vir Nederlands en Afrikaans.

In verband met laasgenoemde punt wil ek hier net 'n opmerking oor Nederlands van Prof. Kruisinga, releveer. Nadat hy onder andere daarop gewys het

---

<sup>90)</sup> 'n Voorbeeld uit Latyn, gevind in *Esquisse d'une Histoire de la langue Latine* van A. Meillet: „Amare, dont la nuance de tendresse et de plaisir vulgaire est encore bien visible chez les poètes comiques” in Lat., is mettertyd „par l'usage” verhef tot die vlak van die normale en die gewone. (Bls. 176). En vergelyk verder die gewone dusdanige verloop by skeldwoorde.

dat verkleinwoorde „het gevoel van de spreker teen-  
over de zaak of persoon uitdrukken” (’n baie onbe-  
vredigende woord hier), meen hy as vasstaande te  
mag aanvaar „dat het gebruik (van diminutiva)  
*afhangt van iemands persoonlikheid*”.<sup>91)</sup> (Dat hy  
hierby veral die oog het op die gebruik deur „kinderen  
en vrouwen” is net ’n saak van onvolledigheid, wat  
niks afdoen aan sy stelling nie.)

(ii) *Sintaksis en Taaleie*: Nederlands gebruik wel of  
geen diminutief saam met *klein* op suiwer fakulta-  
tiewe wyse, hoewel hierdie woordjie tog blykbaar meer  
voorkom saam met ’n diminutief dan ander klein-  
heidsadjektiewe soos byvoorbeeld *dun*, *fyn* en *kort*.<sup>92)</sup>

(iii) *Vormvastheid en Slytasie*: Sowat vyftig persent  
van die getal vormvaste diminutiva van Afrikaans is  
ook vormvas in moderne Nederlands, bv. *botjie*,  
*groutjie* (*donkie*), *kiesieblaar*, *rissie*, *rooiborsie*, *slaaitjie*  
(*pruimpie*), *soe(uu)tjies* en *wiesewassie*.

Die verskille, wat terselfdertyd ook hier bespreek  
word, kan as volg gegroepeer word:

A: Die wat net in Afrikaans voorkom en nie in  
moderne Nederlands nie.

1. Die waarvan die primitivum (deurgaans aange-  
wend i.p.v. onverkleinde vorm) nie, of nie meer, in  
Afrikaans voorkom nie:

*Agretjie* (blom). As ons aanneem dat die Frans:  
*aigrette*, — ’n soort reier —, al was dit maar ’n  
kort tydjie, aan die Kaap gebruik is, lê  
die vorming van die diminutief voor die  
hand: ’n onderskeidingsmiddel by metaforiese  
naamgewing; dit sou trouens nóg meer  
voor die hand lê as „*agretta*” hier in

<sup>91)</sup> Kruisinga t.a.p. blss. 74 en 75.

<sup>92)</sup> Kontroleerbaar aan enige Nederlandse prosabundel.

gebruik was vir 'n soort tuinstruik.<sup>93</sup>) So nie, dit wil sê indien ons die naam van Engels het, sou *agretjie* nog steeds net in aansluiting wees by 'n groot groep Nederlandse en Afrikaanse blom- (èn diere-) name wat deur diminutiva aangedui word.<sup>94</sup>) Die *agretjie* is egter 'n inheemse blom, sodat aanvaarding van Engels as taal van herkoms ook sou beteken dat ons aanneem dat die koloniste gedurende ruim honderd-en-vyftig jaar die blom geken het sonder om dit 'n naam te gee en eers na die koms van die Engelse 'n woord wat nié in Engeland op 'n blom toegepas word nie, so gaan aanwend het; so nié moet ons aanneem dat hierdie Afrikaner-aanwending van 'n Engelse woord 'n ouer boerewoord verdring het—en welke sodanige woord dan? Albei hipoteses ten opsigte van Engels lyk my onaanneemlik, daarom aanvaar ek Frans as taal van herkoms; en dan kan die vorming van die diminutief reeds uit die 17de eeu dateer.

*Besoetjie* (blom). Dit kom van (Eerw.) Bissieu, 'n sendeling in Wellington van 1829 tot 1879, dus 'n woord van vry resente maaksel. Geoordeel op grond van gebruik in die land, is die ouer woord, *jakob-regop*, vandag nog veel meer algemeen as *besoetjie*. Hier het ons duidelik diminuering as middel tot, of as meegaande proses by, naamgewing.

*Dirk-dirkie* en *doem-doempie* is waarskynlik klanknabootsinge, moontlik deur kinders; so ook *tinktinkie* (Bh.).<sup>95</sup>)

---

<sup>93</sup>) Kyk Prof. S. P. E. Boshoff: *Etimologiese Woordeboek van Afrikaans*, bls. 28.

<sup>94</sup>) Vgl. ook: C. G. N. de Vooys: *Inleiding tot de Studie van de Woordbetekenis*, blss. 25-26.

<sup>95</sup>) „Bh.” word in die volgende gedeelte deurgaans so aangegee vir voormelde etimologiese woordeboek; kyk onder die betrokke woord daar.

*Karkatjie*. „Moontlik eufemistiese vervanging van Ned. *strontje* deur *kakkatjie* en verdere vervorming hiervan” (Bh.). Dan het die aanleiding tot verkleining gelê in die Nederlandse voorbeeld en in begeerte tot eufemisme.

*Kollewyntjies*, soort koekies, is nié ’n Afrikaanse formasie nie, maar ’n vervorming van Nederlands *Kolombijntjes*. Indien ons in die Afrikaanse vorm ’n assosiasie wil sien met *Kollewijn* — dink aan sy spellingstelsel —, sou ons op grond daarvan hoogstens kon aanneem dat die vervorming jonk is, nié die „ontlening” uit Nederlands nie.

*Krawwetjie* — gewoonlik *oorkrawwetjie*. Volgens Boshoff „reeds in Van Riebeeck se testament”, dus een van die oudste woorde in Afrikaans. Kleinheid van voorwerp was hier waarskynlik die aanleiding tot diminuering.

*Marankie* — ’n klein „soort pampoen” (Bh.). Kleinheid dus waarskynlik aanleiding tot diminuering. Dis in elk geval ’n „jong” woord, dit wel sê van ná 1781, want dit is van Kaffer-oorsprong (Bh.).

*Oorbietjie* — klein wildebokkie. Die naam kom van Hottentots *ourebi* (Bh.), moontlik vervorm deur assosiëring van laaste gedeelte van woord met „bietjie” gesteun deur die begrip „klein”.

*Sindertjie* — ’n skemerdrankie, kom van Engels „sundowner”, ’n woord van vry resente koloniaal-Engelse maaksel. Diminuering is heel gewoon by drankname in Afrikaans, vergelyk drankie, snapsie, sopie, en dink verder aan eufemisme by allerlei Afrikaanse „drink”-spreekwoorde.<sup>96)</sup>

---

<sup>96)</sup> Dr. D. F. Malherbe: *Afrikaanse Spreekwoorde en Verwante Vorme* (1925), o.a. blss. 28-29 en 93.

*Sonkieltjie*, kom van Engels *jonquil*, en is dus 'n „jong” woord in Afrikaans; 'n klein soort blom, dus waarskynlik kleinheid aanleiding tot diminuering plus die feit dat so veel ander blom- en plantsoorte deur diminutiva benoem word.

2. Dié waarvan die primitiva nog in Afrikaans bestaan, maar met 'n ander betekenis of in ander verband:

(a) Geïsoleerde woorde:

*Boeties* — meer bepaald *kafferboeties*. Boet(a) is „waarskynlik 'n kindertaal-vorm van *broer*” (Bh.), met *boetie* as gewone, min of meer gelykwaardige, en in elk geval suiwer fakultatiewe diminutief, en ook meer bepaald 'n kléinkinder-vorm, want die normale vorm sou wees *boetjie*. In dié vorming kan „Boetie” oud wees, maar vormvas in bostaande compositum is hý ook jonk — vergelyk *marankie* hiervoor.

*Dawidjies*. Kom waarskynlik van Hottentots *daweb* (Bh.), 'n boomsoort, en dan het ons weer diminuering as middel tot, of proses by, naamgewing en onderskeiding van soorte, want *dawidjies* is die naam van 'n soort plânt.

*Gawie* — 'n torreringe persoon; dit is moontlik 'n eienaam van 'n bepaalde individu in een of ander streek, wat hom on-fyn gedra het, wat tot 'n soortnaam geword het — vergelyk hiervoor onder andere *nuuskierige* agie, Kaatjie Kekkelbek, en andere. *Gawie* is owerigens die gewone Afrikaanse „diminutief” van Gabriël.

*Graatjie* — 'n meerkat; kom van Hottentots Xra(?) (Bh.); die aanleiding tot diminuering was moontlik die kleinheid van die diertjie, miskien ook — want waarom anders nie ook meerkatjie nie? — ter onmiddelliker onderskeiding van graat, — van bv. 'n vis, en die ww. gra, grawe.

*Gussies* — skoenveters; kom waarskynlik van Engels *gushets*: o.a. 'n versterk-lappie rondom gedeelte van skoen waarin die vetergaatjies sit; vergelyk ook gusgaatjies: vetergaatjies, wat nog algemeen in gebruik is onder andere in Tarkastad; indien dit van Engels kom, is dit dus ook 'n betreklike „jong” woord, in elk geval 19de eeus.

*Jaap-japie* (voël), kap-kappie, kelkie-wyn (voël), soempie (insek) en *tok-tokkie*, is waarskynlik almal klanknabootsinge, waarvoor meer bepaald kinders moontlik verantwoordelik was.

*Jobskraaltjies* — besonder klein soort kraaltjies; kleinheid was hier waarskynlik die aanleiding tot diminuering, en meer bepaald deur „die vrou”.

*Kappie* (△) is 'n neologisme wat definitief jonger is as die vroegste begin van geskrewe Afrikaans, wat vry onlangs eers in die Afrikaanse ortografie ingevoer is.

*Meidjie-Willems* — 'n soort plant. Die herkoms is my onbekend.

*Vygie* — blom. Die diminutief is waarskynlik gevorm ter onderskeiding van *vye*: vrugte, hoewel waarskynlik nie bewustelik nie.

(b) Woorde in bepaalde verband, bv. in spreekwoorde, segswyses, benaminge van kinderspeletjies, en ander min of meer vaste woordgroepe:

*Blikkies* — Gaan na jou —. Ek kan hier aan geen verklaring dink nie, maar merk net op dat die uitdrukking niks spesiaals met kinders uitstaande het nie. Sou dit miskien van kleurlinge — dink aan hul woningtoestande — afkomstig wees?

*Blindemolletjie* — soort blinddoekspel by kinders; die vorm met diminutief is moontlik onder invloed van die eweneens gebruikte, en Nederlandse, *blindemannetjie* gevorm.

*Broertjies* — Kannie en Willie is tweeling-; hier het ons waarskynlik kinderinvloed vir soverre dit gewoonlik deur ouers teenoor (hul) kinders gebruik word.

*Eenbeentjie* (-spring); hier het ons waarskynlik kindertaal uit die kinderspel.

*Kaatjie-kekkelbek*; dit kom van die historiese figuur uit die end van die 19de eeu, meer bepaald in Ons Kleyntji.

*Koekies* — (Soet- bak) is waarskynlik nie by die ontstaan van die segswyse gediminueer nie, maar by die deegbak, waar „soetkoekies” goedkoop koekies is in teenstelling met groter *koeke*.

*Neusie-verby*; vide „blikkies” hiervóór.

*Paadjie* (Middel- kam). Hier het ons moontlik assosiasie met kinders, maar owerigens ook onderskeiding van „pad” — wat vir die vroeë koloniste iets geheel anders was as wat vandag in die digter bewoonde dele van die land daar- onder verstaan word.

*Plankie* (Dankie, sit op ’n plankie ens.). Of dit al van ’n kind of volwassene kom, die diminutief is noodsaaklik om die rym.

*Rapsie* (’n — oor). Vide opmerking by „blikkies” hiervóór. Owerigens laat die noukeurigheid van segging nie kinderinvloed vermoed nie; dit kan miskien uit die boerelewe kom, bv. „’n rapsie met ’n sweep”....

*Voetjie-voetjie* kom uit die taal van minnaars.

*Wegkruipertjie*. Kyk „Eenbeentjie” hiervóór.

3. ’n Diminutief as vaste lid van ’n compositum, met dieselfde betekenis as die primitivum, en waarvan laasgenoemde nog gereeld in Afrikaans voorkom.

Bakkiespomp, blikkie-aspaai, blikkiesdorp, blikkieskos (en ander composita met blikkie(s)), blokkiesraaisel, dassiekaros (e.a. met dassie), knopiespinnekop, knoppiesbos (en -doring), kommetjiesgatmuishond, litjiesbos, litjiesgras (en ander met litjies), niertjie-

saal en uintjiesgras (-kweek, e.a.). Van al hierdie woorde geld in die eerste geval wat reeds vasgestel is, naamlik dat dergelike composita alleen kan mits die diminutief buite die compositum om veelvuldig gebruik word (of is). Dié composita moet dus in elk geval jonger wees as die diminutief-lede daarvan. Daarnaas het ons hier oral ook te doen met kleinheid, net soos by die res van hierdie groep, naamlik kapokbossie (-haantjie, -voetjie, e.a.), en kleinhuisie, (-tongetjie, e.a.). Hier sê die adj. *klein* dit uitdruklik.

*Blikkie-aspaai* is die enigste woord hier wat spesifiek van die kinderwêreld is. Blykens die Engelse: aspaai (van: I spy), is dit ook op sy vroegste uit die begin van die 19de eeu.

By *blikkiesdorp* lyk dit my nie onwaarskynlik nie dat ons te doen het met kleurlingtaal.... vergelyk opmerking voorheen. Stellig jonger is blikkieskos, -groente, -vlees en ander composita met voedselname, omdat die gebruik om voedsel in blikkies (en bottels) te konserveer eers in die afgelope sowat honderd-enveertig jaar ontwikkel. Ongetwyfeld die jongste is blokkiesraaisel, 'n vertaling van die Engelse „cross-word puzzle” uit die afgelope twintig-dertig jaar.

4. Gevalle waar diminutiva fakultatief is maar tog besonder veel, oorwegend diminutief aangewend word, soms met 'n verskil in omvang van dieselfde soort voorwerp.

*Babetjie* (van Engels: baby), kammie (kamermaat in studentetaal, hoogstens so oud soos ons jonge universiteitslewe) en sypaadjie ('n Afrikaanse neologisme van die afgelope paar jaar as vertaling van die Engels „sidewalk” wat hier te lande gebruiklik was soos „trottoir” dit tans is in die Nederlande) — hierdie drie is betreklik jong woorde. By *sypaadjie* het ons boonop nog te doen met 'n begripsonderskeiding in vergelyking met sypad — soos miskien ook by *beursie* teenoor *beurs*: aandelemark, wat egter nie oud is in Suid-Afrika nie, hoogstens uit die end van die 19de eeu. Owerigens is die kleinheid hier waar-

skynlik die aanleiding tot diminuering, miskien gesterk deur die feit dat „platsak” vir Afrikaners ’n bekende begrip is.

5. Volksetimologiese „diminutiva”. Ons het hier alleen twee gevalle: engeltjie-verlaat-ons en bromkaatjies (onderskeidelik van encephalartos, via Engels, en bronchitis), wat volgens hul Engelse herkoms jonk is, en as volksetimologiese vorme in elk geval nie spesifiek of spesiaal van die kind of enige ander groep behalwe ongeletterdes is nie. Vir dieselfde tipe geval kan verwys word na Nederlands: kaatje-wat-ben-je-dik (van: herba cardui benedicti; kyk W.N.T.) en die opvatting dat „bedankje” ’n diminutief sou wees.<sup>97)</sup>

6. Woorde wat alleen skynbaar diminutiva is. Aangesien ons hier nie met diminutiva te doen het nie, meen ek dit sal voldoende wees om net die herkoms van elke woord van hierdie groep aan te dui: akkelpinies < akker(l)biliën (Bh); aspersies < Ned. asperge, voorheen aspergie, volksvorm: sperzie (W.N.T.); baadjie, „via Ned. van Mal. badjoe” (Bh); bakkies (gesig) < Ned. bakkes (W.N.T.); berrie-berrie, „via vroeër Ned. of Eng. van Singalees beri” (Bh); bielie (< Eng. Billy?); bokkie (kar) < Eng. buggy (Bh); borrie < Mal.: borch (Bh); bosloerie, „via Ned. lori < Mal. loeri” (Bh); flennie; volgens die aksent op die eerste lettergreep skyn dit vervorm te wees uit Engels „flannel”; hadjie, waarskynlik via Kaapse Maleiers < Arab. hajj (Bh); kammalielies.... Die laaste gedeelte van die woord is waarskynlik redupliкатief van lie(g) (Bh); kammassie (hout) en kammie (bos) < Hottentots; maties (Stellenbossche studente) is ’n spotnaam deur Kaapstadse studente gegee, < (ta)maties), weens die rooi sportkleure; nartjie.... is ’n Oosterse woord, waarskynlik (Bh); pieterselie

---

<sup>97)</sup> Kyk Schönfeld t.a.p. bls. 176, waar op hierdie wanopvatting attent gemaak word.

(Ons vind dit soms, selfs dikwels, in die vorm: bittersielie), kom via Ned. uit Latyn; pitjies (geld) .... kom via Ned. uit Javaans pitjis (Bh. en W.N.T.); ponie .... kom waarskynlik regstreeks uit Eng. pony; skoelie: Ned. skoelje, schoelie, < Frans escouillon; skorriemorrie kom via Ned. < Persies-Turks (W.N.T.); tambotie (boom) < Kaffers: um-tomboti (Bh); tjakkie-tjakkie is waarskynlik van Oosterse herkoms (kyk ook Bh. t.a.p.); tjoekie (tronk) < Anglo-Indies choky, Hind. chauki (Bh); tokolosi < Kaffers: thokolosi (Bh).

Sowel die geringe getal van hierdie woorde as die feit dat reeds in Nederlands verskeie woorde van vreemde herkoms vervorm is tot sulkes waarin die uitgange korrespondeer met die gewoon-Nederlandse diminutiefuitgang, maak dit m.i. hoogs onwaarskynlik dat dié woorde kon bygedra het tot slytasie by sommige of die meeste vormvaste Afrikaanse diminutiva; en daarby: op verre na nie al hierdie woorde is algemeen bekend of in gebruik in Suid-Afrika nie.

7. Hierdie groep bevat woorde waarvan die herkoms nog onbekend of die etimologieë nog hoogs twyfelagtig is .... onontbeerlike kennis om te kan besluit of hulle diminutiva is al dan nie. Hulle vorm kan egter maklik mislei, daarom wil ek hulle uit die verdere beskouing uitgeskakel hê. Die volledige groep is die volgende: bobotie, boetjies (ketting), driemetjies (spek), foersies: (i) kleding-materiaal, (ii) maat of lengtes van (i), (iii) oopvuur-brandmerke, bv. voor op bene van iemand wat met kaalbene te na aan oop vuur gesit het; ghartjie (voël), halfnaatjie, honnie-ponnie, ko(e)snaatjie, leloentjie, oueltjies, (Kretie en) pletie (?), rys(b)rensie, siebie, tjenkerientjee, tjoekie (deel van soort albast- of waster-spel), trassie en trompie.

*Konklusie.* Spesifiek Afrikaanse diminutiva wat moontlik uit die 17de of vroeg 18de eeu dateer, tel dus, volgens die voorafgaande bespreking, alles

tesaam nog geen vyftig nie. Dit is gevalle waar die Afrikaanse taalgees of -gemeenskap werkzaam was, dus gevalle wat ons, vir sover ek kon uitmaak, nie op rekening van Nederlands kan plaas nie. Om by sulke beperkte taalaktiviteit met enige mate van stelligheid die rol te probeer bepaal van onderskeie maatskaplike groepe, lyk my haas onmoontlik, want dit sou dan regressief moet gebeur op grond van die gebruiksfeer — nie ontstaansgrond nie — van vandag, wat verreweg nie streng afgebaken is nie. Tog is dit die enigste tentatiewe metode, waarvolgens ons dan, soos reeds aangedui, die volgende moontlike groepe kon gehad het: die kind, die vrou en moeder, minnaars, die plaasboer, en die spraakmakende gemeenskap as geheel of in die algemeen. As aparte groep is die van kind-vrou-moeder die belangrikste, maar ook nie oorwegend nie, want dit het nog geen dertig persent bygedra nie, vir sover altans op waarskynlikheidsgronde uit te make is. Die volledige gewig daarvan sal egter seker nooit definitief bepaal kan word nie.

Die verdere groepe volg presies die indeling van A hiervóór, met uittaling natuurlik van onderafdelinge wat afgehandel is.

B: Dié vormvaste Afrikaanse diminutiva waarvan die primitiva nog in moderne Nederlands voorkom en gebruik word, maar waarvan tog meestal of vrywel altyd die diminutief aangewend word.

Opm. Waar hierdie informasie nie uitdruklik so gegee word in die W.N.T. nie, het ek dit afgelei van die feit dat alle aanhalinge van die betrokke woord, of byna almal, in die W.N.T. in die diminutief-vorm staan, verder gedeeltelik gekontroleer aan Nederlandse literatuur.

1. Boordjie, deuntjie, flensie, kalotjie, kersie, lemmetjie (vrug), nippertjie, nuffie en sysie;

2a. Bittertjie, bolletjie, duikertjie (watervoël), dutjie, kluitjies (leuens), kroketjie, kuiltjie, niggie, pluimpie, snapsie, sterretjie (blom);

b. Hondedraffie;

3. Mondfluitjie en suurklontjies;

4. Die aard van my groepering sluit voorbeelde hier uit. Terloops kan egter gewys word op die feit dat verskeie usuele diminutiva net so gebruik word in moderne Nederlands, bv. dotjie, drafstappie, eekhorinkie, grieseltjie (krieseltjie), kleedjie (bv. van 'n tafel), laaitjie, skoothondjie en andere.

5. Geen geval nie.

6. Akkelpinies (<akker(l)biliën; Bh.), bosloerie, flennie, pieterselie, pitjies (geld), ponie, skoelie en skorrie-morrie. Hiermee is dié groep afgehandel.

7. Aangesien die hele groep reeds hierbo afgehandel is, verval dit hiervandaan verderaan geheel en al.

Van hierdie hele afdeling geld dat die vorming van diminutiva in Nederlands geskied het, dat die gebruik daarvan waarskynlik net so oorgelewer is in Suid-Afrika en dat die uitbreiding van usueel in Nederlands tot vormvas in Afrikaans dus nie om 'n besondere verklaring vra nie, gesien die feit dat ook in Nederlands talle dergelikes voorkom. Die essensiële punt van verskil hier is: dat die vorming van dubbel-diminutiva in Nederlands uitgebly het in weerwil van die ontwikkeling tot vormvastheid, of anders gestel: dat die vorming wël in Afrikaans voorkom. Oor die moontlike „waarom” hiervan word elders gehandel.

C: Dié wat in Afrikaans vormvas diminutief is, maar in moderne Nederlands meestal ongediminueerd voorkom.

1. Agurkie en oblietjie;

2. en 3. geen gevalle nie;

4. Fretboortjie, kruinaeltjies, (skeer)lemmetjie, moertjie, surinkie, swaeltjie (voël) en voetstofie.

Vir die hele groep kom kleinheid van begrip of omvang, — let wel! — en nié siening van die wêreld in miniatuur nie — wat spesifiek van die kind is — my voor as voldoende aanleiding tot diminuering. Dit is trouens iets wat aangewys kan word in alle tale waarin diminutiva heelwat voorkom of voorgekom het, soos Latyn, Italiaans, Spaans, Roemeens en Nederlands, waarvan by sommige elders voorbeelde gegee word.<sup>98)</sup>

D: Die wat in Nederlands suiwer fakultatiewe diminutiva is, maar vormvas in Afrikaans.

1. Bessie, koppie (drinkding), kraffie, mandjie, marmotjie, moffie, muggie, pinkie, pukkeltjie, rosyntjie, sliertjie, sokkie en steggie.

By al hierdie woorde, behalwe (miskien) mandjie, kan kleinheid s.m. die aanleiding tot diminuering gewees het, miskien met besondere aanleiding in die geval van *koppie* en *moffie* ter onmiddelliker onderskeiding van die verskillende begrippe van die primitiva *kop* en *mof*. By altwee hierdie woorde, asook by pinkie, sokkie en steggie (vir sover laasgenoemde woord in verband met blomme gebruik word) het ons, afgaande op die gebruiksfêre, moontlik ook te doen met invloed van die vrou en die kind, asook miskien by bessie (dink aan al die eetbare, Afrikaanse wilde soorte), kraffie (die vrou en die binnehuis?), marmotjie, muggie en pukkeltjie (vandag verouderd). Of 'n mandjie vroeër spesiaal tot die gebied van die vrou behoort het en dus van kleiner formaat was, is my nie bekend nie.

2a. Braamsluipertjie, jongetjie, kammetjie (blom), kluitjies (kos), kommetjie, leeubekkie, lootjie, luggie, middeltjie, potjie (bv. kaart), pruiimpie, strandlopertjie (voël) en viooltjie (blom) is almal gevalle waarby naamgewing, begripsonderskeiding en klein-

---

<sup>98)</sup> Kyk lys op bls. 120 hiervan.

heid te onderken is, asook miskien 'by ommesientjie — hoewel geringheid van tyd hier ook voldoende aanleiding kon gewees het.

Duidelik uit die bewegingsfeer van die vrou en die kind is *bloedjie* (simpatie en gevoeligheid word hierdeur uitgedruk), *kammetjie* (vir sover die vrou gewoonlik meer as die man aandag gee aan blomme), *kleintjie*, *kluitjies* (in verband met voedselbereiding), *knikkertjie* (van die kind), *kommetjie* (voedsel, m.b.p. koffie), *leeubekkie*, *middeltjie* (vandag nòg of éérs?, in elk geval beslis 'n vrouewoord), *sloffies* (vrou en kleding, binnenshuis) en *viooltjie*. Hierby kan dan miskien ook gereken word *braamsluipertjie*, *strandlopertjie* en *gansie* (blom).

2b. en 3. Lewer hier geen gevalle nie.

4. *Bollatjie*, *buksie* (geweer), *dassie* (dier), *dobbertjie*, *flussies*, *gleufie*, *kleinigheidjie*, *netjies*, *oorbelletjie* en *vratjie*.

*Bollatjie*, *netjies* en *oorbelletjie* kan gereken word tot die gebied van die vrou. By die res hier sal ons dan in hoofsaak te doen hê met kleinheid — in die geval van *flussies* m.b.p. met 'n graadverskil as teenoorgesteld aan *flus* (< *fluks*; *doeblette*).

E: Vormvaste Afrikaanse diminutiva wat in algemeen Nederlands fakultatief maar in 'n bepaalde Nederlandse gebied of met 'n geringe vormverskil, ook vormvas is.

(a) Dié met dieselfde betekenis.

1. *B(o)estroentjie* (identities in Limburgs).

2a. *Bewertjies* (suidelike geweste en Noord-Brabant: beverkens), en *kappertjies*.

Dit is die enigste gevalle hier, en die hele groep is ook Nederlands. Let net daarop dat *b(o)estroentjie* behoort tot die gebied van die vrou en dat die ander twee name van klein plantjies is.

( $\beta$ ) In verskillende of afwykende maar verwante toepassing.

1. Biesie (Suid-Nederland: bieske, iets wat soos 'n biesie (sou) lyk bv. 'n aanstiksel op (vroue-)klere), boontjie (Suid-Nederland: klein kindjie; die verwantskap van die twee eenderse vorme blyk nie uit die oordragtelike(?) aanwending van *boontjie*, soos hier geskied, nie); kweeltjie (Afr. blom, Nederlands: „vlekje”, „smetje”); lorretjie (Afr. kop, hoof, Nederlands: 'n nikswerd persoon, 'n sukkelaar); lutjie (Afr. vingerhoed, Nederlands: ring om die pinkie by naaisters); en motjie (Afrikaans: ou kleurlingvrou of Bolandse aia; Nederlands, in die vorme meutje en moetje: ou vrou of dame).

Opm. By Leipoldt kom nog voor *vismotjie*: kyk: Die Huisgenoot, 13 Januarie 1939.

Lorretjie, lutjie en motjie kan beskou word as in hul diminutiewe vorm geërf uit Nederlands, enigsins met (waarskynlik later) gewysigde toepassing in Afrikaans. Bessie en boontjie word té verskillend aangewend in die twee tale om hulle as geërfde diminutiva te beskou, maar lewer verdere bewys van wat voorheen reeds opgemerk is, dat ook Nederlands vormvaste diminutiva besit.

Opm. By *boontjie* dien net daarop gewys te word dat dit nie vormvas is oor ons hele taalgebied nie — dink bv. aan baie dele van die Transvaal en aan die Knysnase boswerkers — en tweedens: in verskeie 17de eeuse Nederlandse stukke in verband met die nedersetting aan die Kaap, byvoorbeeld die verslag van die „Voyage gedaan in den jaare 1688 den 19 October met het gáljoot de Noord”,<sup>99)</sup> word byna uitsluitlik

---

<sup>99)</sup> Kyk: Dr. E. C. Godee Molsbergen: *Reizen in Zuid-Afrika*, deel III, bls. 123 vlg.

die vorm *boontjies* gebruik. So word in dieselfde verslag reeds melding gemaak van 'n plaas genaamd „Dubbeltjes Kraal”.

2a. Bekkie (Afr. soen, in moeder-kind-taal, Nederlands: meisje, liefje); drawwertjie (Afr. voël, Ned. m.b.p. Bargoens: fiets, rywiel); horinkies (Afr. peulvruggies, Ned. o.a. 'n soort vroeë artappel en 'n kort pypie); horreltjies (Afr. „versoek om uitstel by (kinder)speletjies” Bh.... miskien van Ned. hortje: tydjie, oomblikkie); kloppertjie (Afr. soort voëltjie, Ned. verskeie soorte insekte); kroontjie (Afr. draai-plek in die hare agter op die kop van die mens, Ned. oorblyfsel van kelk op appel of peer), en wysie (Afr. deuntjie en lied, Ned. alleen „liedje”).

By *bekkie* het ons stellig, by *kroontjie* miskien, te doen met die taal van die vrou-moeder en die kind, by *draw(w)ertjie* met naamgewing (en moontlik begripsonderskeiding ten opsigte van drawer: 'n soort swaar perd), en by *wysie* blykbaar met normale uitbreiding van die Nederlandse gebruik.

Horreltjies en kloppertjie is moontlik so geërf, maar horinkies in die Afrikaanse aanwending nie. Verder kan hier net daarop gewys word dat eersgenoemde woord hoort tot die gebied van die kinderspeletjies, en dat daar by die ander twee te onderken is: naamgewing en kleinheid.

F: Vormvaste Afrikaanse diminutiva wat kom van 'n Nederlandse woord, maar waarvan daar nie 'n Nederlandse diminutief met dié betekenis bestaan nie.

1. Dokkies (< Ned. dokken?); flerrie (< Flee?, uitspraak: flêr); karmenaadjie (< karbonade, in Vlaams egter ook onder andere karmenaai Bh.); kwakkie (Afr. ken, soms kenvel, < Ned. kwak? — o.a. onbenullige persoon of dito gepraat); tiemie (Ned. tijm, timiaan en andere vorme).

Dokkies en kwakkie is my alleen bekend uit die kindertaal. Owerigens het ons by *flerrie* miskien te

doen met ('n mate van) eufemisme, by karmenaadjie met kleinheid — en vroeër moontlik ook met begripsonderskeiding ten opsigte van karbonade (of karmenaai Bh.?). Aangesien *tiemie* 'n ou vorm is — blykens die ongediftongeerde *ie* van die eerste lettergreep — is dit miskien 'n geërfde vorm, moontlik < *timiaen*, en dan geen diminutief nie.

2a. Afrikanertjie (Ned. afrikaan), alsie (Afr. drankie, Ned. alst: kruie, vergelyk Afr. wildeals).

In altwee gevalle het ons begripsonderskeiding, en by alsie moontlik ook nog eufemisme<sup>100</sup>) of onderstelling.

G: Dié vormvaste Afrikaanse diminutiva waarvan die primitiva nog in moderne Nederlands voorkom en gebruik word, maar waarvan tog heel dikwels die diminutief aangewend word.

1. Ertjie, hortjies, jakkie, platjie.

2a. Kappie (hoofbedeksel).

Hier is geen verdere gevalle in enige groep nie.

By hierdie hele groep het ons te doen, oordelende volgens moderne Nederlands, met voortsetting van die Nederlandse gebruik in Suid-Afrika en bestendiging van die diminutief-vorm in Afrikaans, moontlik hier te lande gesteun deur die kleinheidsbegrip in die geval van ertjie, jakkie en kappie, plus moontlik vrou- en kindertaal by laasgenoemde twee woorde en gevoelspeling by *platjie*.

H: Dié wat net 'n spesifiek Afrikaanse wisselvorm is van 'n Nederlandse grondwoord.

1. K(a)lossie (< kalotjie), malmokkie (< marmotjie).

Hier is geen verdere gevalle nie.

In albei gevalle het ons blykbaar vormanalogie na vormvaste diminutiewe primitiva.

---

<sup>100</sup>) Sien verwysing in voetnoot 96.

I: Gevalle van Nederlandse fakultatiewe diminutiva teenoor vormvaste Afrikaanse waar moontlik suffikssubstitusie plaasgevind het.

1. Lensie (< linze?), moesie (in Nederlands reeds moesje, < Frans mouche) en mossie (< mussche?).

2a. Geitjie (< Maleis: gecko? of < Hottentots /geis? Kyk (Bh.). Vergelyk vir die Hottentotse vorm ook die in die Noordwes-Kaapland veel gebruikte „dik /gei” vir ’n soort akkedis); lewertjie (Ned. lewerke, leeuwerik).

3. Matjies(goed). (< Ned. *mat*? of *matte* soos onder andere in die dagverhaal van Van Riebeeck: „.... cleyne matte huysjes”? Kyk W.N.T., M-N, kolom 300, IIde artikel).

Indien suffikssubstitusie, dan het ons by hierdie hele groep nie met diminutiva te doen nie.

J: Gevalle waar woorde, òf selfstandig òf in composita, in die diminutiefvorm ’n spesiale betekenis in Afrikaans het wat dit nie in Nederlands het nie.

1. Uit die aard van my groepering kan hier geen gevalle wees nie.

2a. In al die gevalle wat hier tuisgebring word, het ons eerstens te doen met naamgewing en begripsonderskeiding.

Owerigens is die grootste gedeelte van die groep tuis te bring onder hoofde van name van klein diersoorte: aantekdingetjie, skilpadjie (insek), skurwejaantjie (o.a. soort mier-eter), sonbesie, steentjie (vis), swartkoppie (skaap), tabak(s)rolletjie (slangetjie), trapsuutjies, uitsuiertjie (insek), verkleurmannetjie en warmassies (insek).

Klein voëlsoorte: bontrokkie, glaasogie, jantjie, koestertjie, lokkertjie, rooibekkie, streepkoppie en suikerbekkie; klein plantsoorte of -deeltjies: bokhorinkies, kanolpypie, keurtjie, kommetjietewater, krulletjie, nôiensborsies, pampoentjies (vruggies van

kiesieblaar), plakkie (ook vrotpootjies?), sewejaartjie, stompie, swartkoppie, uintjie en vieruurtjies.

Spesiaal uit die vrouetaal skyn te wees, volgens die begripsoort: meidjie, mosdoppie (of is dit 'n soort spotnaam deur mans gegee?), oorskotjie (dié lid van 'n familie wat minder aandag ontvang as die res van die gesin), ruitjiesgoed (rok- en ander materiaal), snyseeltjies (meelvoedsel), en valletjies (deel van sekere soort rok).

Die volgende is betreklik resente Afrikaanse neologismes: bloutjie (deurslagpapier), kapokvoetjie (as vertaling van Engels „goodie-goodie”), paaltjies (by krieket), toebroodjies (as vertaling van Engels „sandwiches”), vuurhoutjies (die vorm wat, volgens rondvrae, in gebruik gekom het ná swaeltjie of swalletjie of swaelhoutjie), en regmakertjie — soms ook opknappertjie (ek meen as vertaling van Engels „appetiser” en „pick-me-up” onderskeidelik).

Die res van hierdie groep, waarvan alleen die karakterisering aan die begin van hierdie afdeling geld, is die volgende: doutjie (reën), halfmaantjie (merk aan diere se ore), herkoutjie, kalbassies (siekte), middelmannetjie („ruggie” of uitgeryde riffie al in die middel van 'n pad langs), pampoentjies (soort kliersiekte), pootjie ('n verbum: laat struikel of val deur die voet voor iemand te steek), vrotpootjies (soort artappelsiekte), vaaljapie (1. minderwaardige soort drank, 2. torreringe persoon), en vaatjie (maag, dikwels toegeskrywe aan te veel drank).

2b. en 3. Lewer geen gevalle nie.

4. Aandblommetjie, ak(k)eltjie (iets in die algemeen, veral ten opsigte van wat gedoen of onderneem (kan) word), buksie (mens), dagbrekertjie (voël), klonkie, koppie (berg), en skelmpies (adverbium).

By die hele groep het ons kleinheid en geringheid, en by ak(k)eltjie moontlik ook nog kinder- of jongmens-invloed. (Sover ek kon vasstel is die woord beperk tot die Westelike Provinsie.)

K: Afrikaanse sametrekkinge uit onsamegetrokke Nederlandse diminutiva. Hier is daar alleen voorbeelde onder hoofde van:

2a. Appelliefie (< appeltje der liefde), elsie (< elstrijntje? of elsvogeltje?), en swaeltjie (< Ned. zwavelhoutje?).

Diminuering het hierby reeds in Nederlands geskied. Die vraag na die presiese fonetiese proses by die sametrekking van dié vorme (vergelyk verder ook die blomnaam *bobbejaantjie*) is in hierdie monografie nie ter sake nie.

L: Gevalle waar in Afrikaans uitsluitlik diminutiva gebruik word, in Nederlands nooit nie, d.w.s. alleen fakultatief (beperk tot groep 2b.).

(Speel vir spek en) boontjies, voetjie- (voetjie vir voetjie loop), en witvoetjie (-soek). In al drie gevalle het ons, eerstens, kenbare gevoelsgeleiding, myns insiens die sterkste by „speel vir spek en boontjies” en „witvoetjie soek”. Kinderinvloed hierby lyk my nie uitgeslote nie, veral by eersgenoemde as deel van ’n kinderspel, waarby moontlik ook die geërfde spreekwoord „boontjie kry sy loontjie” invloed uitgeoefen het.

M: Composita wat nie in Nederlands voorkom nie, met ’n diminutief as eerste lid, maar waarvan die diminutief wel vaste deel is van ander Nederlandse composita. (Beperk tot groep 3.)

Apiesdoring (-kos e.a., in Ned. o.m. aapjessnuif), blikkiesgroente (-vleis, e.a., in Ned. vind ek geen dergelike compositum met name van voedselsoorte nie, wêl egter: blikjesmes — Afr. blikmes), bossies-tee (-stroop, e.a., Ned. alleen: boschjesgras), doppiesgeweer (Ned. alleen: dopjesspel), fluitjiesriet (Ned. o.m. fluitjeshout, -broek), lappiesmous (Ned. o.m. lapjeskerel of -vent).

Met die oog op die vroeëre bespreking van die konstruksie: diminutief plus substantief, is dit hier voldoende om te herinner aan die feit dat dit in Nederlands vry veel voorkom, sodat dit hoegenaamd nie uitgeslote is nie dat byvoorbeeld *fluitjieshout* die analogon kon gewees het by die vorming van ons fluitjiesriet (vergelyk ook die aksent op -riét) en byvoorbeeld lapjeskerel by ons *lappiesmous*.

Die oweriges sou dan, volgens die vroeëre bespreking, in elk geval neologismes van heelwat later as die 17de eeu (moet) wees, soos trouens aan die tyd van herkoms van hul begrippe te kontrolere is.<sup>101)</sup>

Verder lyk dit my, dat, welke maatskaplike groep(e) meer bepaald ook al vir hierdie vorme verantwoordelik was, die konstruksie om sy sintaktiese gevorderdheid in die taal minstens kindervloed uitsluit.

---

<sup>101)</sup> Blikkieskos dateer uit die begin 19de eeu, die uitvinding van M. Appert, waarvoor hy 12,000 frank van Napoleon ontvang het.